

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:18-29

Teks: **1 Johannes 2:22-25,28**

Sing- **Ps. 89:5; Ps. 45:5; Ps. 104:1,2; Ps. 93:1,3**

### **1 Johannes 2:18-29**

**1Jn 2:18** Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

**1Jn 2:19** Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.

**1Jn 2:20** En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.

**1Jn 2:21** Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.

**1Jn 2:22** Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.

**1Jn 2:23** Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

**1Jn 2:24** Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.

**1Jn 2:25** En dit is die belofte wat Hy ons belooft het, naamlik die ewige lewe.

**1Jn 2:26** Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei.

**1Jn 2:27** En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

**1Jn 2:28** En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.

**1Jn 2:29** As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:18-29

Teks: **1 Johannes 2:22-25,28**

Sing- **Ps. 89:5; Ps. 45:5; Ps. 104:1,2; Ps. 93:1,3**

Broeder en suster- Hierdie reeks uit die eerste Johannes-brief het ons gedwing om van die verskyning van die Antichris in die laaste dae kennis te neem. Ons is al vandag 'n vierde keer met net hierdie 12 gelese verse besig. Laat ons vandag kom by 'n soort van 'n afsluiting in wat hier staan waar dit spesifiek oor die Antichris in van sy allergrootste bedrog handel, maar gelowige kinders van God, wedergebore, ja verlede Sondag het ons kon handel oor om met die Heilige Gees gesalf te wees. Dit alles wat ons kan weet juis op grond van ons salwing. Dit wat ons alles van Christus behoort te weet, dit kan ons weet. Ons teksvers was dan juis- *julle het die salwing van die Heilige en weet alles* (vers 20).

\*\*\*

Ons staan by wat ons reeds van die begin af gesê het, dat ons uit God gebore is. Ons is uit God en ons weet dat die hele wêreld in die mag van die Bose lê. Wanneer ons hoor en lees van die baie dinge wat in die wêreld gebeur, slegte dinge, dinge wat die wêreld al hoe meer laat lyk na 'n slagveld, daar is aardbewings (hoeveel van hulle, hulle volg mekaar op), daar is oorstromings, hongersnode, allerhande peste en plaes, ons weet naderhand nie meer watter

kant toe nie. Is dit nie die VIGS-pandemie wat soos 'n golf die wêreld oorspoel het nie, dan kom daar voëlgriep, daar kom die Ebola-virus, noem maar op, tsunami's wat ek die woord nie eers geken het nie, nou is dit geen onbekende meer nie. In die laaste 5 jaar, 7 jaar, 10 jaar of meer, het die wêreld 'n anderster plek geword. Ons kan nie anders as om Jesus in van sy laaste preke op aarde dit duidelik oor die eindes van die wêreld te hoor, hoe sy stem deur sy Woord gedra word-

Mark 13:8 *Want die een nasie sal teen die ander opstaan, en die een koninkryk teen die ander; en daar sal aardbewings wees op verskillende plekke, en daar sal hongersnode wees en beroeringe. Hierdie dinge is 'n begin van die smarte.* In dieselfde konteks handel Mattheus ook met die woorde van Christus In Mattheus 24:4-13 lees ons reekse van die dinge wat Johannes ook aanstip- *Pas op dat niemand julle mislei nie.* <sup>5</sup> *Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.* <sup>6</sup> *En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.* <sup>7</sup> *Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.* <sup>8</sup> *Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.* <sup>9</sup> *Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.* <sup>10</sup> *En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.* <sup>11</sup> *En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.* <sup>12</sup> *En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.* <sup>13</sup> *Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.*

Wanneer ons al hierdie dinge in die breë trekke van ons tyd en lewe hoor, dan sal baie kan sê – Ja, dit gebeur, die einde kan nie meer vêr wees nie. Tog moet ons onself nie wil verhef en maak of dit net ons geslagte is op wie dit alles neerkom nie. Nee die wêreld kan dalk nog duisende jare bestaan, of hy kan selfs nog binne hierdie jaar vergaan, in 'n oomblik se tyd kan alles verander.

\*\*\*

Ons het dit Jesus vanuit verskillende hoeke hoor sê- hierdie dinge is maar die begin van die smarte... ons moet nie mislei word nie... ons moenie verskrik word nie... Daar vind 'n vermenigvuldiging van ongeregtigheid plaas, ongeregtigheid wat duidelik wys op wetteloosheid, ons beleef dag na dag hoe die wetteloosheid meer en meer word en dit bring teweeg hoe die liefde tussen mense kouer en kouer word. Mense voel al hoe minder vir

Pretoria- 17 Mei 2015

mekaar. Dit sal 'n skok wees as mens net in Pretoria 'n toets sou kon aflê dat hulle net so ietsie oor hulle bure moet sê- hoeveel sal sê ek weet nie eers wie my bure is nie. Ons bly al so lank langs mekaar maar ons het niks met mekaar te doen nie. Die woorde van ons Here Jesus trek mekaar aan as Hy sê <sup>12</sup> *En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.* Dit maar sommerso bolangs waargeneem?! Wat lê dieper as die oppervlak- Wat gaan werklik in die wêreld aan?

\*\*\*

Ons het met baie dinge te doen wat ons in vandag se lewe en wêreld nie kan ignoreer nie. Waar ons met die antichriste te doen kry, dan bly dit deel van die groot skok dat hierdie antichristelike werkinge kom nie uit die wêreld na vore nie, maar dit het kerklike betrekkinge. As mense die waarheid nie wil aanvaar nie, dan stuur God vir hulle die dwalinge – Dink mooi oor wat in 2 Thessalonicense 2:11 staan- **11** *En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo....*

Dit moet ons ook goed weet. Die antichris sal nie kerkvreemd voorgestel kan word nie, juis nie! Hy kom uit die kerk. Hulle wat uit ons is, maar nie werklik van ons nie... Hulle is gedooptes...van die antichriste sou selfs verbondskinders wees. Ons dink hier verder aan gedeeltes soos 2 Thess. 2 veral dan vers 3-4 **3** *Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf* **4** *die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.* In wat ons vandag weer gelees het, hy, hierdie antichristelike beweging en antichriste en op die einde die finale verskyning van 'n persoon, die Antichris.

\*\*\*

Johannes het beslis in sy tyd al die gnostiek in die oog kon hê, hoe anti-christelik is die gnostici nie, hulle wat Christus in sy goddelikheid misken het, Hom 'n skynliggaam wou toeken, maak asof Hy nie waarlik mens kon wees nie. U sal onthou met die eerste preek al uit hierdie reeks het ons van die gnostiek gehoor dat hulle sê dat Jesus het geen wonders kon doen voor Hy nie gedoop was nie. Eers na sy doop met die Heilige Gees, toe begin Hy skielik wonders te doen. Die vleeslike Jesus en die geestelike Christus het eers by die doop in die Jordaan met mekaar verenig.

Die liggaamlike van Christus word heeltyd as die minderwaardige deel van die Jesus-mens gesien terwyl die verhoogde Christus alleen waarlik God kan wees. Die kernprobleem is wat

iemand soos Serintus, wat in Efese in die kerk was, maar hy het hierdie dwaling van die gnostiek al verder uitgedra. Johannes praat mos van die wat van *ons uitgegaan het, maar hulle was nie van ons nie, want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het*. Johannes sien egter die koms van die antichris hoe dit al meer na vore kom. Iemand soos Serintus, al noem hy homself 'n christen, hy is dit nie. Hy is deel van die anti-christe, die wat sê dat Jesus nie die Christus is nie. Dan word daar duidelik gestel wie Jesus sien as iemand anders wat eers later die Christus kon word, so iemand is besig om God die Vader en God die Seun te verloën. As ek die Seun loën, dan verloën ek die Vader en net so wie die Vader loën, verloën die Seun van God.

Ons moet ook nie dink die gnostiek is maar 'n stokou dwaling en niks daarvan bestaan meer nie. Wie so dink is aan die slaap. Hulle wat vandag Christus se opstanding vergeestelik, asof Hy nie waarlik liggaamlik opgestaan, waarlik liggaamlik opgevaar het nie, hulle wat dwalinge verkondig rondom sy geboorte, asof daar nie 'n maagdelike geboorte kon wees nie, hulle wat Sy wonderwerke ontken, of dit metafisies afmaak, ja al hierdie idees en dwalinge dra duidelik in hierdie moderne eeue gnostiese kenmerke, net bietjie anders anders ingekleur, maar die prentjie wat hulle ons wil voorhou is maar dieselfde.

\*\*\*

Ons moet bly by wat ons van die begin af gehoor het (vers 24). Hierdie bly in die waarheid laat ons in Christus bly. Die waarheid is dit wat geken moet word, wat eintlik die effektiwste wapen teen die bose is, maar so 'n effektiwste wapen soos die waarheid oor Jesus Christus is, is dieselfde waarheid die beste toerusting wat daar vir God se kind kan wees. Om met die waarheid toegerus te wees, maak dinge blywend. So blywend soos vers 24 dit stel- dan gaan dit oor die waarheid Wie Jesus Christus is. Vanuit Christus lees ons vers 24- **24** *Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.*

Die waarheid as toerusting, die waarheid oor Christus is ons wapen teen al wat dwaling is wat die antichriste en op die einde die Antichris ons sal wil leer. Ons moet weereens 2 Thessalonicense 2:11-12 steeds in gedagte bly hou- **11** *En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, 12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.* Hoe sterk die waarheid in ons moet wees, waar ons weet Satan, ook genoem die vader van die leuen, die sterkste waarmee Satan God se kinders altyd mee sal aanval, is om leuens as die waarheid

Pretoria- 17 Mei 2015

voor te doen. Satan is 'n leuenaar by uitnemendheid, daarom dat Jesus ons ook in sy laaste preek al hoe meer op ons hoede wou stel- Luister maar ook weer na Matt. 24:22 - 24- **22** *En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.***23** *As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie.* **24** *Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.* Ons hoor ook die waarskuwing in 2 Kor. 11:14-15: **14** *En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig.* **15** *Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.*

\*\*\*

Die waarheid van die Evangelie, dit is waaroor dit vir ons moet gaan. Dit wat na lig en lewe lyk, ons moet seker maak is dit waarlik die lig van God, is dit waarlik die lewe wat in Christus is. Die groot boodskap waarteen ons moet waak is die verdraaiings wat daar rondom Jesus Christus gemaak word. Hoe Christus verloën word. Ons weet dat eeu na eeu het die Kerk eintlik met hierdie antichristelike prediking, veral rondom Christus geworstel. Genadiglik gee die Here weer reformasie, die Here roep mense om die Bybelse leer te verdedig. So het die kerkvader Athanasius teenoor dwaalleraar Arius te staan gekom, Augustinus teenoor Pelagius, Luther teen die Roomse pous, so sou ons kan aangaan. Tog sal die dag kom wat die Antichris finaal in die kerk sal verskyn dan sal daar geen kerkleier wees wat hom kan weerlê nie. Dan word Christus in alles, geheel en al verloën. Dit is verskriklik om te dink dat alle kerklike aktiwiteite sal op daardie stadium in diens van die Bose wees, in diens van alles wat teen Christus is. Dit is asof die bese vrye teuels in die Kerk sal hê. Die Antichris in sy finale verskyning kom soos 'n dier uit die see te voorskyn, ja die see wat beeld is van die volkere wêreld, wat as volkeresee uitgebeeld word. Die hele mensdom sal hom volg. Op 13:3 staan- *Die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan...*

Die krag waarmee ons in die tyd as kerk mee moet voortgaan, dit wat ons dan veral in vers 28 lees- *En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.* Ons het nog so baie om voor te lewe, daar moet by ons vrymoedigheid wees om in Hom te bly, in Christus, ons wat waarlik kinders van God is, ons is nie alarmiste nie, ons is nie pessimiste nie, maar moet ons wel die leuens en die wetteloosheid, dit wat Satan ons mee wil bedwelm uitwys. Dit moet werklik gaan om nugterheid. Hoe het Paulus dwarsdeur sy bediening klem gelê op nugterheid- In 1

Kor. 15:34 dan staan daar - **34** *Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie. Ek sê dit tot julle beskaming.* In Paulus se oudste briewe, die Thessalonicense briewe daarin het hy eintlik nugterheid as groot oproep bly verkondig- In 1 Thessalonicense 5 vers 6 en weer vers 8... **6** *Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.* Vers 8 **8** *Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid...*

Wanneer ons hierdie baie skerp gedeelte in die gryse apostel se brief afsluit, die Antichris wat gaan kom, die baie antichriste wat ons reeds weet in ons tyd hier is, al wapen wat ons teen dit alles het, is God se Woord, gedra deur die Heilige Gees, verkondig aan alle mense. Die Woord wat God se waarheid is, dit is wat die wêreld moet uitgaan. Hiermee red God die wêreld, dan anders gesien as die wêreld wat in die mag van die Bose lê. Daar is 'n ander wêreld as net die bose wêreld, maar ons sien ook God se wêreld. God se wêreld is Sy koninkryk, waar sy heerskappy uitstaan en waar sy heerlikheid realiteit is. Die koninkryk van God gedra deur God se koningsmag en koningswoord sal in God se wêreld nie verswak nie. Al vir 20 eeue is ons met God se Woord op hierdie wyse besig, soos ons vandag hiermee besig is. God hou nog die Antichris teë sodat sy Woord sy volle loop kan neem.

Die Heilige Gees wat 10 dae na hemelvaart uitgestort is, dit op 'n Sondag soos ons volgende week die Pinkstersondag mag vier. Met die krag van Pinkster, die krag van die Heilige Gees moet daar net één boodskap van ons as Kerk uitgaan, die waarheid oor Jesus Christus. Geen ander god is daar wat ons kan red nie. Ons moet dit ook vir mekaar sê hierdie land is in die gemors waarin ons is, omdat ons maak asof godsdienste maar gelyk is, asof godsdiensvryheid se implikasie godsdiensgelykheid moet wees.

Asof godsdienste maar almal een groot familie mag wees wat moet kan hande vat. Onder die naam van eenheid en verdraagsaamheid gebeur die slegste wat daar vir die Kerk kan wees. Die krag van die dwaling wat gestuur is om hierdie gevaarlike eenheid, hierdie valslike verdraagsaamheid oral ons land voor te hou. Ons word hieroor gestraf en dit wil my nie lyk, menslik gesproke, of ons naby die punt is om dit duidelik te verkondig, dat die Islam, die Hindoe, die Jood, die ateïs, almal sonder Christus, hulle maak dat ons ook gestraf word. Hulle het nie die waarheid nie. Ons wat die enigste waarheid het, bly hierby, verkondig dit, die WAARHEID wat daar alleen in Christus kan wees, want het ons mos reeds gesê, Hy het

ons met sy Gees gesalf dat ons kan weet, alles kan weet, wat ons veronderstel is om te weet (vers 20) Dan moet vers 27 heeltemal geglo word- *27 En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.*

Wanneer ons vandag aan hierdie waarheid bly vasklou, hierdie waarheid wat ons moet liefhê, dit gaan jou in staat stel om wanneer die Antichris verskyn dan nog steeds in die geloof te bly staan. Dit is al manier om nie deur die leuen onder te gaan nie. Wanneer die Antichris op die laaste preekstoel, op die laaste kerkgebou beslag gelê het, waar gaan u dan staan?! Kan u rekenskap gee hoe dit kerklik met u gaan. Ons wat rekenskap moet kan gee, wat maak ons hier, maar ook die tye wat ons hier moes wees en ons is nie hier nie! Het die woorde van Christus werklik al goed tot my deurgedring, *omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.* Ongeregtigheid is niks anders as wetteloosheid nie. Wetteloosheid maak liefde en maak orde dood.

Ja, mag die ou gediggie van AG Visser, hy wat in die Heidelbergse hoëveld grotendeels gebly het, maar het hy 'n keer geskryf... *Daar moet nog êrens mense wees/ -vêr in die vaal Karoo-// wat sawens nog die Bybel lees/ en aan sy boodskap glo.* Mag ons tot op die laaste, hierdie boodskap glo, wat al moeiliker gaan word, maar ons bly by vers 28- 29, ons wat wedergebore is, uit Hom gebore is: *28 En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie. 29 As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.*

AMEN